REDAKSIES

ADMINISTRASIE

Redaksioneel

Die 9de jaar se 10de uitgawe van die Olielamp. 'n Nasionale blad vir die jeug. Die Here het ons geseën. Sy troue Vaderhand het alles wat ons nodig het voorsien. Dit laat ons ons hoofde buig en bid: 'Dankie Heer'. Uit die versorging van die verlede mag ons ook nou die toekoms tegemoet gaan. Omdat 'alle skepsels so in sy hand is dat hulle hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie' (Sondag 10 vraag en ant. 28). Hoe wonderlik is sy sorg!

Die Olielamp word nie net hier in Suid-Afrika gelees nie, maar oor die hele wêreld. In Nederland het 'n groep lidmate van die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) 'n website gemaak in hulle strewe om die een Waarheid na te jaag. Hulle het ons gekontak en gevra of hulle, indien van toepassing, sommige Olielamp artikels mag vertaal en dan op hulle website mag plaas. Julle is welkom om ook daar te gaan kyk.

Die webadres is www.eeninwaarheid.nl.

Die uitgawe is ook weer vol van kongres dinge: voorstudie materiaal, reëlings en nog vele meer. Geniet ook hierdie uitgawe...die laaste een van die jaar.

Ons as redaksies wil ook graag al ons lesers en skrywers bedank vir al u ondersteuning en bydraes. Ons het hierdie jaar weer 'n Bosberaad (nasionale vergadering) waar ons die meeste probleme uitklaar. So, julle is welkom om met enigeen van ons in verbinding te tree as jul 'n voorstel wil maak of dalk probleme ondervind.

Namens die Pretoria-Maranata redaksie
Linda de Vente

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel 2
Uit die Woord 4
Troos vir 'n gebroke wêreld 4
Die Moederbelofte: Génesis 3:15 5
Oppad 6
Belydenisgeskrifte 6
Die voorsienigheid van God 7
Voëlgriep – die mense moordenaar 8
Verhoudings 9
Voel jy ook so? 10
Harry Potter 10
Skaap in wolfsKLERE 11
Voetspore 12
Deur die sleutelgat 13
Nog iets 15

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

DV 15 Januarie 2006



Die Olielamp redaksies wens u almal 'n geseënde kersfees en 'n voorspoedige nuwejaar toe.

Uit die Woord

Troos vir 'n gebroke wêreld

Tanya de Vente

Matthéüs 1:21–13...en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos. En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die Here deur die profeet gespreek het: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons.

Christus is vir ons gebore en Hy het vir ons sondes gesterf. Partymaal kan dit voel asof die ellendes op die wêreld net te veel raak. Daar is soveel misdaad, geweld, korrupsie, wanorde, gebroke verhoudings, en 'n immorele samelewing. 'n Mens kan soms moedeloos word oor die lewe op aarde. 'n Mens kan wonder of dit nog van toepassing is om Kersfees te vier.

Tog is dit nie God se skuld dat die wêreld so wanordelik geraak het nie. Dit is die mens se eie skuld dat hy in sondes verval. God gee ons egter 'n troos. Ons as Christene hoef egter nie bevrees te wees nie, God het sy seun Emmánuel gestuur, dit beteken, God met ons. Hierdie is 'n baie vertroostende boodskap. Sy Seun het vir ons aan die kruis gesterf sodat ons sonder skuld eendag voor God kan verskyn.
Ons staan op die vooraand van Kersfees. Die partytjiemaand vol geskenke en kersfeesliggies in die wêreld se oë. Kersfees is egter die herdenking van Christus se geboorte. Dié betekenis het egter vir vandag se samelewing verlore gegaan. Sodra die partytjie verby is verval almal weer in die daaglikse rotresies en maak staat op hul eie kragte.

In 1 Petrus 5:7-9 staan daar *(7) Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle. (8) Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. (9) Bly standvastig in die geloof en staan hom teë. En moenie vergeet nie: dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges dieselfde soort lyding verduur.*

Baie van ons lewe elke dag in vrees, baie leef elke dag met die gebrokenheid van die lewe saam. In hierdie tekste kry ons egter God se vertroostende boodskap dat hy met ons is en dat Hy ons nie sal verlaat nie. God het sy Seun na hierdie aarde gestuur en Hy het een van ons geword. Hy het tussen ons mense gelewe en aan die kruis gesterf vir ons sondes. Hy het dit gedoen vir sondige mense soos ek en jy. As gevolg daarvan mag ons na 'n ewige lewe sonder gebreke saam met Hom uitsien. Die duiwel kan probeer om ons aan te val, maar ons moet ons vertroue op God stel.
Dit is 'n ontsettende troos vir ons in hierdie gebroke wereld. Dié troos keer ons om moedeloos te word as daar nog 'n selfmoordbomaanval, plaasmoord, verkragtig, inbraak, kaping of korrupsiesaak was. Laat ons Kersfees vier met hierdie wete in ons hart. Dit gaan nie oor die geskenke wat op aarde gegee word nie, maar oor die groot Geskenk wat God vir ons gestuur het. Laat ons elke dag bid dat die nuwe aarde gou mag aanbreek.

Die Moederbelofte: Génesis 3:15

Anneli van der Hout

“ En ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.”

In die Paradys

Die eerste man en vrou, Adam en Eva, het in die pragtige Tuin van Eden gewoon. Daar het hulle in geluk en vrede met God saam geleef en vir plant en dier gesorg. Hulle het volkome vryheid gehad behalwe vir een voorwaarde: “Maar van die boom van Kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy” (2:17). Mans en vroue sou vir hulle die reg toeëien om tussen goed en kwaad te onderskei. Dit sou die onskuld vernietig en skadelike kennis ontbloot. Die verhaal vertel hoe die listige slang Eva verlei om van die verbode vrug te eet. Nadat Adam en Eva van die vrug geëet het, was hulle vir die eerste keer skaam vir God en het weggekruip.

God vel die Vonnis

God kom met Sy vraag tot die vrou: Wat het jy gedoen? Sy werp die skuld op die slang, maar erken ten slotte: Ek het geëet. God begin nou die vonnise vel. Hy sê vir die slang: Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die vee en onder al die diere van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe. Die vernedering in die stof is nie die hele straf nie. God gaan voort: Ek sal vyandskap stel tusse jou en die vrou. Daar wás nie vyandskap tussen haar en die slang nie. Toe die slang met sy leuenagtige woorde kom, het die vrou haar nie verset nie, maar na die slang geluister en na sy woorde gehandel. Daardeur het sy die prooi van die Satan se liste geword. Die houding van die vrou was eintlik vriendskap: Die Satan het ‘n bondgenoot in haar gekry. Dit is die fout van die vrou, maar vir die Satan lyk dit na ‘n oorwinning. Nou sê God dat hy ‘n einde daaraan sal maak deur vyandskap te stel tussen die slang en die vrou. Dit is ‘n neerlaag vir die Satan, maar vir die vrou het dit ‘n gunstige betekenis. Sy het ‘n verkeerde pad gegaan, dit het sy nou al reeds ingesien. Sy kan egter nie terug nie, die sonde is reeds gedoen.

Die Belofte

Die vyandskap sal nie net tussen hierdie vrou en slang wees nie, maar ook “tussen jou saad en haar saad”; die vyandskap sal tot in geslagte voortduur. Die einduitslag sal die neerlaag vir die slang wees: die kop van die slang sal vermorsel word! Hierdie vonnis word oor die slang uitgespreek, maar ons het egter reeds opgemerk dat in en agter die slang ‘n ander krag werksaam is. Dit blyk ook uit die vonnis: Hy sal jou die kop vermorsel. Hy! Dit is ‘n nakomeling van die vrou, een uit haar saad. “Jou”, dit is die slang en hom wat in en deur die slang werk. Die saad van die vrou wat die kop van die slang sal vermorsel, is die Seun van die mens, ons Here Jesus Christus. Die slang sal ook stry en volhou en die vrouesaad in die hakskeen byt; baie mense sal hom volg en vriende van hom wees. Hulle is die saad van die slang. Veral as Christus op aarde kom, toon Satan sy woede. Hy bestry en vervloek Hom, maar Jesus val nie. Die Satan dink dat hy wen as Jesus gekruisig word, maar juis deur die versoening van ons sonde en deur Sy opstanding uit die dood, wen Jesus. In die vonnis oor die slang beluister ons dus die evangelie van die verlossing van die sonde deur Jesus Christus. Ons moet goed oplet: in die oordeel oor die slang! Die evangelie klink reeds voor die vonnis oor die mens gevel is. Ons noem hierdie eerste evangelie die Moederbelofte, d.w.s. die belofte wat die moeder is van alle volgende beloftes. Die Bybel staan vol heilsbeloftes en almal is gegrond op en vloei voort uit hierdie belofte: dat die saad van die vrou die kop van die slang sal vermorsel.

Ons Verlossing

Hierdie moederbelofte is nie regstreeks aan die mens gegee nie, maar sydelings, terloops, in die oordeel van die slang. Die mens staan en luister na die oordeel oor die slang en wag sy eie vonnis nog af, maar daar hoor hy reeds oor die verlossing! Dit gaan hier om die saak van God self, die mens is nie hoofsaak nie. Die teenpartye is God en die Satan, en God kondig eers aan die Satan sy neerlaag aan. Maar die mens is by die stryd tussen God en die Satan betrokke. Hy moes party gekies het en het verkeerd gekies. Dit is God se genade dat Hy weer vyandskap stel, en daardie vyandskap moet die mens bewys deur teen die sonde te stry...

Bronne:
- Handboek Bybelse geskiedenis, die ou testament: Prof. Dr. J.H. Kroeze
- Leer die Bybel beter ken: M. Batchelor

Belydenisgeskrifte

Chris-Jan van Alten

Ons moet amper alles leer. Ons moet leer loop en praat, skryf en somme doen. Ons moet ook leer om te glo. En dit is in ons lewe as kinders van God ‘n leerproses waarby nie alleen ons verstand nie, maar ook ons hart – ons hele persoon – betrokke is. In die geloof moet ons die wete hê dat God ons liefhet, maar ook die vertroue daarin en met dié twee dinge in gedagte kan ons die lewe ingaan. Daarom bely ons dat ons, ongeag ons leeftyd, leerlinge van Christus sal wees (art. 13 NGB). As ons dan die belydenisgeskrifte gaan bestudeer en dit ons eie maak sal ons tegelykertyd vaster op God en Sy evangelie vertrou. Die belydenisgeskrifte bestaan uit die Nederlandse geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse leerreëls.

Ontstaan van ons Belydenisgeskrifte

Die *Nederlandse geloofsbelydenis* het ontstaan in ‘n tyd van groot vervolging van die Protestantse Kerke. Die Nederlandse geloofsbelydenis is opgestel deur Guido de Bres. Dit was in die jaar 1561, in die Suidelike Nederlande (vandag België). Verskeie sinodes in die 16de eeu asook die Nasionale Sinode van Dortrecht (1618-1619) het dit as een van die belydenisgeskrifte van die Gereformeerde kerke aanvaar.

Die *Heidelbergse Kategismus* het in 1563 te Heidelberg, Duitsland, ontstaan. Op versoek van keurvors Frederik III van die Paltz is dit as ‘n leerboek vir die skole opgestel deur onder andere Zacharias Ursinus en Casper Olevianus. Verskeie sinodes van die 16de eeu en ook die Nasionale Sinode van Dordrecht het dit as een van die Belydenisgeskrifte van die Gereformeerde kerke aanvaar.

Die *Dordtse leerreëls* bestaan uit vyf artikels teen die Remonstrante en die uitspraak van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke van Nederland. Die Sinode het plaasgevind in Dortrecht van 1618 tot 1619.

Omdat die Heilige skrif die geïnspireerde, onfeilbare en feillose Woord van God is, mag ons geen ander geskrifte van mense daarmee gelyk stel nie. Kyk na art. 7 NGB. Dit geld ook vir die belydenisgeskrifte van die kerk omdat dit immers ook geskrifte is wat deur mense geskryf is. ‘n Belydenisgeskrif is ‘n geskrif waarin die kerk uitspreek hoe hul die Bybel verstaan volgens die waarheid van God se woord. In dié belydenisgeskrifte wil die kerk ‘n kort samevatting gee van die leer in die Skrif en daardeur God se Woord naspreek. Omdat die kerk in haar belydenis God se Woord wil naspreek, het die belydenisgeskrifte gesag oor ons geloof en lewe. Maar daar moet onthou word dat die gesag van die belydenisgeskrifte nie gelyk is aan die gesag van die Woord nie. Die gesag van die belydenisgeskrifte rus op die gesag van die Woord. Die belydenisgeskrifte moet altyd getoets word aan die Skrif en dit moet ook moontlik wees om besware teen die belydenisgeskrifte in te bring met ‘n beroep op die Skrif. Die belydenisgeskrifte moet ook altyd gelees en verklaar woord in die lig van die Woord van God.

Met dit in gedagte kan ons as jong Christene die Bybel bestudeer met behulp van die belydenisgeskrifte.

Christ’s birth brought God to man; Christ’s death brings man to God.

Die voorsienigheid van God

Arnold Pouwels

Dit is weer Kersfees, die dag van ons verlosser Jesus Christus se geboorte. Watter betekenis heg ons vandag nog aan die geboorte van ons Verlosser? Gaan dit vir ons oor ‘n lekker dag saam met familie en vriende, of net ‘n lekker dag wat ons op ons eie manier kan geniet?

Elke persoon het sy of haar manier om die dag deur te bring. Dit is nodig dat ons terugkeer na die ware betekenis van kersfees. Hierdeur sal opnuut ‘n ware waardering en liefde ontwikkel vir die Here. Laat ons dan ook hierdie dag so inrig dat ons as ware Christene die dag deur bring met God as die fokuspunt. Dit sal aan die hand van Matthéüs 1 geskied.

God sal voorsien

Die Here het deur al die eeue heen sy bewarende hand oor die volk Israel gehou om vir ons Sy enigste seun Jesus Christus te gee. Dit kan ons sien in Matthéüs 1:1-17 en Lukas 3:23-38 waar die geslagsregister van Christus, die seun van Dawid, die seun van Abraham geskryf staan. Hieruit blyk dat God al van die begin van die grondlegging van die wêreld af, Jesus se koms na die aarde vir ons beplan en uitgevoer het. Jesus se geboorte wat ons vier is meer as net ‘n gesinsdag. Dit is ‘n dag waar ons God moet loof en dank dat Hy die koms van Christus so bestuur het dat ons almal verlossing tot vandag toe mag ontvang.

Die geskrifte word vervul in Matthéüs 1 waar ons lees van Christus se geboorte. Hy het as ‘n kindjie in hierdie wêreld gekom om ons almal van ons sondes te verlos. Hy het na die aarde gekom as mens en God, om die volle lyding op Homself te neem.

Ons lees van die koms van Christus in Markus 1:8 waar Johannes die Doper verkondig dat Christus ons Verlosser en Saligmaker is. ‘n Klein kindjie in doeke toegedraai en wat lê in ‘n krip word later ons enigste deurgang tot God en ‘n nuwe lewe. Daar staan geskryf in Johannes 10:9 dat niemand sal ingaan na God nie, behalwe deur die Seun. Ons as mense kan dus niks doen om ons eie saligheid te bewerkstellig nie. Christus het na die aarde gekom as ons enigste weg na die ewige lewe.

Kersfees is nie bedoel as ‘n bemarkingstegniek of die rede om vir mekaar geskenke te gee nie. God het Sy seun vir ons gestuur. God gee vir ons verlossing vanuit Sy eindelose liefde en genade. Die fokus moet dus altyd daarop bly en nie verdraai word om ‘n fees vir mense te word nie. God staan hier in die middel, Hy is die een wat al die dank moet ontvang. Dit is waar ons moet waak as Christene om nie te verval en kersfees ‘n fees van geskenke te maak nie.

Kersfees moet ‘n fees wees en bly wat as ‘n dankbetoning geskied vir ons Here dat Hy Sy seun vir ons gestuur het. Christus mag dan ‘n blye teken wees dat God altyd met ons is en sal wees.

Jesus Christus het voorsien

Ons het in Johannes 10:9 gelees dat niemand sonder Christus die ewige lewe sal ingaan behalwe deur Hom nie. Jesus Christus het aarde toe gekom om ons van al ons sondes te verlos. Christus voorsien ons van die ewige lewe saam met God. Kersfees is die begin van die verlossingswerk van Christus hier op aarde. Dit is dus nie net die geboorte van Christus wat hier gevier word nie, maar ook die uiteindelike verlossing van ons sondes.

Ons as mense het geen deel aan ons eie verlossing nie. Dit kom alleenlik van Christus. Dit is dan waarom dit so belangrik was dat Christus wel aarde toe moes kom. Ons ewige saligheid is in Sy hande. Kersfees bring ons nader aan die ewige lewe saam met ons Skepper en Here. Dit is waarom dit dan so wonderlik is om elke jaar weer te mag herdenk dat die klein kindjie wat uit die maagd Maria gebore is, die sleutel tot ons ewige verlossing is. Soos ons bely in die Geloofsbelydenis. Hy het in hierdie wêreld in gekom, uit liefde vir Sy volk. Hy het vir ons sondes gesterf en opgevaar na die hemel. Hy sit nou aan die regterhand van God, totdat Hy terugkom vanuit die hemel waar Hy besig is om ons ewige plek voor te berei.

Voëlgriep – die mense moordenaar

Liza de Vente

Navorsers voorspel dat 'n virus, wat van voëls na mense kan spring, binnekort oor die aardbol gaan versprei en groot skade aanrig.

Waar het dit begin?
Dit het begin in 'n uithoek van Vietnam, Mekong Delta. 'n Tienjaar oue dogtertjie is dood aan 'n virus. Sy is aangesteek deur hul hoenders, wat 'n paar dae voor haar dood is aan die virus. Dit het die wêreld en sy navorsers op hol. Inentings en moontlike teenmiddels word ontwikkel, want sê hulle, voëlgriep is die dalk die volgende groot griep pandemie.

Hoe werk dit?
Gewoonlik is 'n griep wat voëls affekteer onskadelik vir die mens. Die virus is nie toegerus om menslike selle binne te dring en daarin te groei nie. Omdat griep virusse genetiese inligting dra op 8 aparte RNA segmente, is dit maklik vir verskillende soorte griep om inligting te ruil as hulle ontmoet. Die gevolg daarvan is, 'n griep nageslag met nuwe moontlikhede. Vir 'n voëlgriep en 'n menslike griep om te meng, moet hulle dieselfde dier infekteer.

Navorsers vermoed dít is wat gebeur het: 'n vark was die moontlike mengbak. Die voëlgriep en menslike soorte griep het toegang tot die vark se selle. Die twee virusse herrangskik, dit veroorsaak 'n voëlgriep, wat toegang het tot menslike selle, maar wat nog steeds die voëlvirus gene dra. Die griep is dan moeilik om te beveg omdat dit nuut is vir die mens se immuunstelsel.



Wat nou?
Daar was 'n paar groot griep pandemies in die geskiedenis van die mensdom. In 1918 het die Spaanse griep omtrent 50 tot 100 miljoen mense se dood veroorsaak. Byna almal op die planeet was blootgestel aan hierdie virus en die helfte het siek geraak. In 1957 het die Asiatiese griep 1 miljoen sterftes veroorsaak. In Hong Kong het 'n nuwe griep in 1970 nog 750 000 mense se lewens geëis. Die volgende voëlgriep virus word genoem die H5N1. Navorsers voorspel dat dit, as dit die vermoë kry om vinnig van mens tot mens versprei, 'n 180 tot 360 miljoen sterfes kan veroorsaak en dat die virus 2 keer so vinnig as 'n normale virus sal versprei.

Hoe gaan ons daarmee om as Christene?
So 'n vooruitsig kan 'n mens nogal bang maak. Daar is net een belangrike ding wat ons altyd moet onthou: **Die Here is in beheer.** Maak nie saak wat gebeur nie, Hy sal altyd daar wees om ons te dra en ons te beskerm. Saam met Hom kan ons enigiets hanteer.

Psalm 91
Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die almagtige geniet, hy sê vir die Here: "U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou."
Dit is Hy wat jou uit die voëlvanger se wip hou en jou bewaar van dodelike siekte. Hy beskut jou onder Sy vleuels en is vir jou 'n veilige skuilplek. Sy trou beskerm jou aan alle kante. Jy hoef nie bang te wees vir gevaar in die nag of vir aanvalle oordag, vir pes wat in die donker toeslaan of vir siekte wat helder oordag verwoesting saai nie. Al val daar duisende langs jou, tienduisende by jou, vir jou sal niks tref nie. Met jou eie oë sal jy sien hoe die goddelose gestraf word. Omdat jy die Here as skuilplek geneem het, die Allerhoogste as jou beskermer, sal geen onheil jou tref en geen plaag naby jou woonplek kom nie. Hy sal Sy engele opdrag gee om jou te beskerm waar jy ookal gaan. Op hul hande sal hul jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip stamp nie. Jy sal oor leeus en adders loop, leeus en slange sal jy doodtrap. "Omdat hy My liefhet sal Ek hom red," sê die Here, omdat hy My ken, sal Ek hom beskerm. Wanneer hy My aanroep, sal Ek sy gebed verhoor; in sy nood sal Ek by hom wees, Ek sal hom red en hom in sy eer herstel. 'n Baie lang lewe sal Ek hom gee en oor My hulp sal hy hom verbly."

Bronne:
- *Die Bybel*
- *National Geographic - Oktober 2005*

Verhoudings

Lientjie Stolper

Dit is nie nodig om die kenmerke van ons huidige samelewing te bestudeer nie, want dit word duidelik uitgespel vir almal om te lees: Lewe vir jouself. Geniet jou lewe. Doen waarvoor jy lus is. Haal alles uit jou kortstondige bestaan, want môre is jy dood.

'n Langdurige verhouding? Nie vir my nie, sal my dood verveel. Reëls vir my lewe? No ways, ek weet wat ek uit die lewe wil hê. Ek wil nou hê wat ek begeer. Teen begeertes stry? Jy moet seker mal wees man, dan stry ek teen myself, dis mos my wese – my persoon? Jy wil tog nie my personality verander nie?

Dis die wêreld, dit roep ons toe: *Kom wees soos ons!* Televisie preek dit met verlokkende beelde, die radio blêr dit uit en tydskrifte verkondig dit luidkeels. Modes stel die maatstaf, bly jy agter, is jy uit. Wie wil nou uit wees?

Te midde van dié wêreldgees sê God: *Wees heilig want ek is heilig.* God stel die **norm** oor wat reg en verkeerd is. Hy sê: *die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jy moet daaroor heers.*

God het jou na sy beeld geskape wat onder andere beteken dat jy God moet eer deur alles wat jy doen. Jy is dus **geskape in verhouding tot God** en tot die ganse skepping. Die mens het self gekies om die verhouding met God te verbreek deur die keuse vir Satan. Daardeur is die verhouding tot die skepping ook totaal vernietig. **God herstel die verhouding** met jou deur Jesus Christus. Hy werk deur Sy Gees die begeerte in jou om weer in verhouding met Hom te wil lewe. Daardeur kan jy ook weer in die regte verhouding tot jouself, jou medemens en omgewing staan.

Van nature is ons geneig om God en ons naaste te haat. Aangesien ons egter in-verhouding-tot geskape is, bly ons **soekend.** Ons soek na 'spirituele bevrediging', soos dit vandag genoem word. Uit onsself kan en wil ons God nie ken nie en soek ons bevrediging in en deur dit wat God geskape het. Ons vind maklik allerhande afgode. Ons is egter duur gekoopte kinders van God die Vader. Hy wil 'n verhouding met ons hê. Ons is immers sy aangenome kinders en erfgename van die ewige lewe. Hy eis wederliefde van ons. Daarom moet ons werk aan die verhouding wat ons met God het.

God moet in die **middelpunt** van ons lewe staan. God moet deur ons optrede sien dat ons Hom liefhet. Dit moet ons begeerte wees om Sy gebooie te hou. Sy gebooie is heilsaam en goed. Dit beskerm ons teen onsself en teen ander. Dit bewaar ons vir die kwaad en vir die gevolge van die kwaad. Wanneer God die regmatige plek in ons lewe inneem, word ons spirituele gevoel waarlik bevredig en is daar geen behoefte aan enige ander gode nie.

Indien jy so lewe, sal jy ook soek vir 'n lewensmaat wat God bo alles liefhet. Iemand wat saam met jou die Here dien en in eenheid saam met Vader in die hemel wil praat. Die verhouding wat jy met God het sal dan ook jou verhouding met jou vriend/vriendin bepaal. God se goeie wette sal die norm wees vir julle omgang met mekaar. Sy reëls sal geld in julle liggaamlike omgang. Binne die grense van sy wette kan julle **heilig en veilig** voor Sy aangesig lewe.

(word vervolg)



Voel jy ook so?

Harry Potter

Jaco de Jong

Die meeste van ons ken die magiese verhaal van Harry Potter, ‘n towenaar in ‘n tower-wêreld, wat teen die sogenaamde “black magic” of slegte towenaars moet veg. J.K. Rowling het die boek geskryf. Die doel was ‘n lekker kinderverhaal vir die jeug. Tog moet ons onsself afvra of die verhaal so onskuldig is soos wat dit voorkom.

Daar is nou al altesaam ses verhale geskryf waarin Harry Potter elke jaar na ‘n towerskool toe gaan. Alhoewel die eerste boek baie humor gehad het en meer gerig was op die kinders, word die boeke al hoe meer ernstig. Oral in die verhaal sien ons oorloë tussen goeie towenaars en slegte towenaars. Vir kinders is dit onskuldig en opwindend, maar ons as volwasse Christene moet ook hier die waarheid insien. Die sesde boek is heeltemal te ingewikkeld vir klein kinders en is beslis nie geskik vir ‘n slaaptydstorie nie.

Hoe verder ons in die verhaal kom, hoe ernstiger word dit en daar kom ook verskeie vorme van “black magic” en satanistiese okkulte voor. Ons as Christene sal onsself wel moet afvra of die boek wel van toepassing is in ons lewe. Is dit net ‘n “lekker storie”?

In die boek kom ook vorme van heksery voor. Hekse is in die algemeen in hulle wêreld, maar dit is waar ons ‘n streep moet trek. Met dié stelling in gedagte moet ons onsself ook afvra of die “Liewe Heksie” stories so onskuldig is soos wat dit voorgee….

In die boeke word ook verwys na ons “normale” mense as “moggels”. Alhoewel dit verspot klink, kan dit by kinders wat die boeke lees, ‘n gewoonte raak. Wat ook baie opvallend in die boek is, is dat niemand staat maak daarop, of enige tekens toon dat hulle in God glo nie. Hulle groot steunpilaar is een van die slim en kragtige towenaars. Daarom het ek dit snaaks gevind dat hulle soms “o, my god” sê. Dit wys jou net dat mense nie dink oor wat hulle sê nie en dat die frase al so ‘n algemene vorm van praat geword het.

Uit ‘n Christelike oogpunt:

- Die verhaal is beslis nie net ‘n lekker lees verhaal nie. Ons as Christene moet die tekens raak sien, dit nie ignoreer nie, en dit ernstig opvat. Die gevaar met hierdie tipe goed is dat as mens eers ‘n spasie daarvoor ooplaat, gaan jy al hoe meer sê: “ag wat is nou eintlik fout hiermee? Ek weet mos wat is reg.” En later is alles “o.k.”.
- As jy nog nie seker is of die verhaal reg of verkeerd is nie, ‘n klein wenk: As jy nie seker is nie, bly weg daarvan! Moenie jouself onnodig in verleiding bring nie. Moenie jouself in hierdie wêreld van towery begewe nie. Ons enigste steunpilaar is God. Hy sal altyd daar wees vir ons.

Skaap in wolfsKLERE

Celeste Bron

Is dit regtig nodig om te stry oor watter klere ons aantrek en waarheen ons dit aantrek? Is dit regtig so belangrik? God kyk mos na ons hart, nie na ons klere nie…

Dit is gewoontlik ons redenasie, maar ons moet onthou, waar die hart van vol is, loop die mond van oor. En dit wat jou van binne vul, breek dus na buite. Ja, die hart is waarna God kyk, maar die hart is die oorsprong van die lewe. In die Skrif vind ons nie spesifieke riglyne oor meisies wat rokke moet dra, en watter broeke seuns moet dra nie. Daar is wel 'n paar riglyne waarmee ons moet rekening hou soos wat die style en modes om ons verander.

Die Bybel sê ons moet behoorlik en ingetoë geklee wees (1 Tim. 2:9). Ons moet waardig geklee wees. Maar hoe onderskei ons tussen waardig en onwaardig geklee? Ons kleredrag moet aanpas by verskillende situasies. Jou klere wys respek bv. as jy vir 'n onderhoud gaan en netjies aantrek, of jou klere openbaar 'n houding van 'ek gee nie om nie'.

Die losbandige standaarde van die wêreld moet nie in ons klere te voorskyn kom nie. Ons mag wel mooi aantrek. Daar is niks verkeerd daarmee om mooi aan te trek of om jou mooi te maak nie, ons klere mag net nie opsetlik uitdagend of losbandig wees nie. Ons moet ook die mense om ons in ag neem. Voel hulle dalk ongemaklik met hoe ons aantrek? Ons mag van die mode gebruik maak, daar is niks mee verkeerd nie. Ons mag net nie noodwendig met die mode meegaan nie. En wat nou van persoonlike smaak? Daar word deur sommige groepe, bv. sataniste, waardes geheg aan spesifieke klere, juwele en simbole. Ons stem nie daarmee saam nie. Mag ons dit dan dra? Ons moet, ongeag wat ons persoonlike smaak is, steeds in ons klere wys dat ons kinders van God is en sorg dat ons nie vir ander aanstoot gee nie.

Waarvoor trek ons aan? Ons weet almal dat Adam en Eva hulle in skaamte bedek het. Ons trek dalk nie meer velle aan nie, maar die doel van ons klere bly steeds om ons te bedek. Waarom word die modes dan al hoe kaler? Die mode is om soveel moontlik te wys en so uitdagend moontlik aan te trek. Waarom?! Om te skok. As jy 'n nuwe 'piercing' op 'n buitengewone plek kry, 'n kaal toppie dra of 'n hemp met uitdagende slagspreuke op het, dan is jy volgens die wêreldse standaarde aanvaarbaar, maar dit is mos nie waarvoor ons leef en waarna ons streef nie? Hoekom sal ons dan daarmee wil saam doen?

Soos wat ons netjies aantrek kerk toe, uit respek en eerbied vir God, moet ons elke dag van die week ons liggame, wat tog ook 'n tempel van God is, respekteer soos wat God dit wil hê. Nie soos wat die mode of jou vriendekring dit vereis nie! As ons by God se Woord leef, sal ons ons nie deur die wêreldse neigings op sleeptou laat neem nie. Ook nie deur die mode nie. Ons moet eers 'n bepaalde mode beoordeel voordat ons net koop. Dit is tog vir ons liggame, en vir God! Daaglikse sake soos kleredrag, modes ens. is nie onbelangrik nie. Dit maak deel uit van ons lewe op aarde, wat 'n lewe vir God is.

Voetspore

Die saal is donker, slegs hier en daar sien ‘n mens iets wit wat blink. Is dit tande? Of is dit met traan bedekte oë? Die stilte leun swaar op die aand, die maan is slegs ‘n illusie. Al geluid wat hoorbaar is, is die dampende geluid van asemhaling wat deur die mond geskied. Die skerp reuk van sweet is ligtelik herkenbaar deur die oordonderende reuk van kennis. Iemand in die duister kan dit nie langer uithou nie, lag senuweeagtig en word direk verwyder. Waaruit? Is dit ‘n bunker? Spanning sny deur die oorgeblewendes se nerwe. Dan, ineens, word die abstrakte atmosfeer onderbreek: “Op watter dag is die ekstra dag van skrikkeljaar?”, waarna ‘n stem, met ‘n ligte Australiese aksent antwoord: “28 Januarie!”.

Aangesien hierdie scenario ‘n realistiese notulering is van die gebeurtenisse van die jeug se ‘Weakest Link’ kompetisie, is dit duidelik dat die antwoord-genereerder van hierbo, who shalt remain nameless, direk na hierdie vraag met ‘n oorweldigende meerderheid van stemme gekies is as The One and Only Weakest Link. Willem Hofsink en Roelof Middeljans – beide nog in die fetus-stadium van vraag-beantwoording al uitgestem – het soet wraak geneem, deur eers met skrikwekkende koudbloedigheid Joris en daarna Sparkie uit te stem, om sodoende hul opwagting in die semi-final te maak. Roelof het selfs wraak ‘n stappie verder gevat, deur die hele kompetisie te wen. ‘n Vinnige re-cap van die aand se gebeurtenisse in ons volgende afdeling:

LOCAL CONNECTION

Opvallend: Jeanine Hordijk is heel eerste van almal uitgestem in die finale rondte. As sulks hoef dit seker nie noodwendig vreemd te wees nie, demokrasie is onvoorspelbaar, maar wat des te opvallender was, was die feit dat Jeanine een van die sterkste links van die aand was. Geheel verdiend het sy toe tog ‘n sakkie sweets gewen.

Nie so opvallend: Nadat Lientjie Stolper eers *Nederland* as antwoord gegee het op ‘n vraag waar ‘n *provinsie* gevra is, het sy daarna *Johannesburg* as antwoord gegee op ‘n vraag waar *Nederland* die regte antwoord was. Slegs oplettende viewers het dit agtergekom, al het die hosts nogal baie aandag aan hierdie briljante taktiek gegee.

COCA-COLA FLAIR PLAY MOMENT OF THE EVE

A - Willem Hofsink se revenge om van zero na hero te styg

B - Roelof Middeljans se revenge om van zero na hero te styg

C - Iwan en Albie wat Ronald vanweë family-ties takties uitstem

MOEMISH OF THE WEEK

Die grootste blunders (daar is ‘n paar) is die volgende: in die eerste plek is dit Willem Drijfhout wat sy eie meisie se broer se geografiese ligging met ‘n million miles verkeerd benoem, en daarna deur sy eie meisie se ander broer hardhandig uitgestem word. In die tweede plek is dit Iwan se “Oeps-ek-word-nog-rooier” antwoord toe hy stel dat Indië se Kersfees-datum 23 Desember is. En dit terwyl hy daarmee die big ol’ price kon wen.

Hierdie was gou ‘n bylae van die voetspoor, genaamd “The Weakest Voetspoor”. Behalwe vir the Weakest Link was die jeug nog vir ‘n naweek na Bethal, iets waaroor Nicolas nie uitgepraat kan raak nie. Omdat hy nie ophou praat hieroor nie, het hy nou op doktersvoorskrif besluit om vir ‘n jaar Australië toe te gaan. Hiermee hoop hulle dat hy minder oor Bethal se aartappels, en meer oor Perth se skape sal praat. Mé-é-é-t droefheid in ons hart neem ons afskeid, kom maar gou terug!

Daar gaan nog baie mense oorsee vir die vakansie, en as jy wil weet wie, kyk in die handboekie, amper almal gaan. ‘n Spesiale groete aan Magriet, wat regtig gaan (d.i. nie net vir vakansie nie). Skynbaar wou

Bloembollenbedrijf Van der Vossen in Lisse graag hul mark vergroot en ook die groentemark (no pun intended) betree. Vandaar dat hul Ertjie as arbeider aangeneem het. Elisabeth gaan egter bietjie minder ver weg, net so 1500 km, dit is nou – vir die minder ingeligte mense – Kaapstad (oftewel Bellville). Sterkte hoor!

Dan 'n ekstra stand-alone line spesiaal vir Lieze en Martin: Baie geluk met jul verlowing!

Nou kom die **MOMENT OF BRILLIANCE** ('n bietjie soos mosterd na die maaltyd, of soos Desember na November): onthou om kongres toe te gaan! Advertensies is oral sigbaar, en moenie nou die organiseerders teleurstel deur vir onbelangrike redes nie te gaan nie!

Dit was dan dit vir hierdie uitgawe. Kyk mooi na jouself, respekteer alle St Bernards, soet gaan slaap, en tot

siens

Voetspoor

(poëties né!)

Deur die sleutelgat

Welkom nuuskierige agies!

Die agie het natuurlik sy oorsprong in die 17de eeu toe daar 'n boek, en later 'n teater opvoering, gemaak is oor die nuuskierige Aeghje van Enckhuysen. Die olielamp se redakteur, 'n gesiene man in enigiemand se boek, het my versoek om darem nuttige inligting te verskaf. Hiermee is die nuttige inligting oorhandig!

Huidiglik hang Damokles se swaard dreigend bo baie studente. Daar word jaarliks gewerk tot die hoogtepunt van die akademiese jaar waar almal moet sweet om alles weer te gee wat hul die jaar geleer het. En wat 'n vooruitsig is dit darem nie! Elke Jan Rap (wat nog studeer) en sy maat (wat ook studeer..) sonder hul af om dae aaneen met genot te begewe agter die boeke. Want almal put moed uit die leuse: kennis is mag. Mag almal getroos word met hierdie woorde as die eksamens verby is en daar nie meer gestudeer hoef te word nie. Dit sal u dra deur die mismoedige tyd van vakansie!

Op die keper beskou het ek tog 'n mate van aktiwiteit bespeur. Maar ek moes diep delf. Marthi het verjaar en daarmee het koffiedrink 'n nuwe era betree. Nie net was daar weereens topgehalte voer vir die menigtes nie, maar daar is 'n hele ruimte ingeruim spesifiek vir die festiwiteite. Met 'n tafeltennis tafel waar die dames hulle vernuf (of tekort daaraan) getoon het. Aangesien die naelbyt eindstryd tussen die twee veterane Elise en Lizette te vinnig was vir die blote oog, het my arme nek in spasma gegaan en het ek die res van die gebeure misgeloop.

Nog 'n jaar is toegevoeg aan Freddie se lewe en ons het dit gaan vier met die tradisionele braai by sy ouma se huis. Die arme man moes nog vroëer die dag swoeg om sy brood te verdien en het boonop olik gevoel, maar fees sou daar wees! Hierdie tipe toewyding is vir my voorwaar 'n voorbeeld en 'n riem onder die hart. Die groen polisie was ook daar in die formidabele vorm van Marinus. Die minder beskaafde stropers het twee keer gedink voor hulle die versnaperings getakel het. Ons was verheug om hom te onthaal, mag ons meer van hom sien in die toekoms. Marti (kop hou, dis Marti sonder 'n "h") het alles op film vasgelê, net jammer Anneli is skugter vir die lens alhoewel sy twintig-twintig visie moet hê om daardie super klein kamera van Marti raak te sien. Christiaan was nie daar nie, maar het verskoning gemaak, hy moes eers fees vier na Man. Utd. se 4-1 nederlaag. Voorwaar wonderlike nuus is vir sokker geesdriftiges die wêreld oor!

Daar was ook Lizette se verjaarsdag en tydelike afskeid. Aangesien ons nie genoeg kan kry van braai nie en buitelanders mal gaan oor BBQ was daar... julle sal dit nie raai nie... 'n braai! Almal se oë het getraan op die emosionele dag, maar dit word eerder toegeskryf aan die reusagtige boomstomp wat oom Jaap op die vuur gesit het. Aangesien twee mense vleis gebring het was die braai uiters geslaag. Miskien moet daar in die vervolg gesê word dat daar geen braai gaan wees nie, dan kom almal seker met vleis daar aan!
Baie geluk aan almal wat 'n tree nader aan hul pensioen gevat het. Mag daar nog vele wees!

Laastens wil ek net ‘n waarskuwing uitreik namens die toerisme sektor. ‘n Buitengewone migrasie van vakansiegangers na Tshwane hierdie feestyd voorspel chaos in Jakarandastad. Linda de Vente, woordvoerder van die Tshwane munisipaliteit, het vure geblus nadat vele vakansiegangers benoud was oor ‘n tekort aan heenkome. “Ons is volkome gereed vir die aanslag. Alles is in plek om die kongres ‘n onvergeetlike gebeurtenis te maak”, hetsy Linda. Daar is ‘n groep kaapse nomade wat die tog gaan aanpak. Sukses word aan hulle toegewens, geniet julle tyd daar! Vir die minder bevoorregtes wat agterbly: uiteindelik ‘n bietjie rus en vrede! Grappie. Nee, daar is geen rede tot treurmares nie. Sekere Tshwaniete het dit wys geag om die drukte vry te spring en die Kaap te kom beset. Dit gaan gewis ‘n gesellige tyd wees hier en ook daar bo.

Marthi, Clarisse, Elise, Henriëtte, Anja, Adrian en Olga. Wat het hierdie klomp met mekaar in gemeen? Wel, hulle het sopas belydenis van hul geloof afgelê en ons is verheug saam met hulle. Ons mag die Here dank dat hy ons so tot Hom trek.

Sonnige dae, strande, sonbrand (praat met ons kenner, Corrien), slaap en laataande... Geniet jul rus!

Kruisdra in die Kerkgeskiedenis

Calvyn (IV)

“Ek het hier ‘n merkwaardige worstelstryd gevoer; snags is ek spottend deur vyftig of sestig geweerskote voor my deur gegroet. Jy kan dink hoe dit ‘n arme geleerde soos ek sou verskrik… Toe, later, is ek uit die stad gejaag en het ek my na Straatsburg begewe… Ek is herroep, maar ek het nie minder probleme as voorheen beleef in my pogings om my amptelike plig te doen nie… Hoewel ek self niks is nie, weet ek dat ek vele onluste voorkom het wat andersins in Genève sou plaasgevind het… God het my die krag gegee om te skryf… Ek het niks uit haat geskryf nie… maar ek het altyd alles nagestreef wat ek geglo het tot eer van God sou wees.”
–Johannes Calvyn tydens sy laaste siekbed, 1564

Daar het julle dit. ‘n Baie kort opsomming van die Here se heerskappy deur Calvyn in Genève. Met hierdie aanhaling word dit ook duidelik dat hierdie artikel oor sy laaste jare handel.

Die hewige vervolging in Frankryk woed nog steeds voort. Brandstapels is ‘n algemene daaglikse gesig. Terselfdertyd leef die protestante net oorkant die grens, in Genève, in vryheid. Die gevolg is dat heelwat protestante uit Frankryk vlug na stede soos Genève. Hulle word dan ook met ope arms verwelkom en versorg deur die gemeente. Nog ‘n gevolg is dat die meerderheid van die stad protestants raak teenoor die minderheid libertyne. Tydens die volgende verkiesing verkry die protestante ‘n groter aantal setels in die stadsraad. Dit is voordelig vir die hervorming, want nou mag Calvyn sonder teenstand van die regering voortgaan met sy werk. Weereens dui dit op God se almag.

Kan ‘n mens die vrede vertrou? Die stadjie is omring met vyande en die Pous van Rome is seker die vernaamste. Dan moet daar nog rekening gehou word met die konings van Frankryk en Spanje. As hierdie magtige heersers saamspan, is Genève niks teen hulle oormag nie. God wys egter weereens dat Hy dié Wêreldheerser is. Hy is die Heerser van die heelal. Die onderlinge jaloesie tussen die konings verhinder ‘n oorlog teen Genève.

In Genève word die teologiese skool gestig (1559). Theodorus Beza word die rektor. In die eerste jaar is daar alreeds 162 studente ingeskryf. In 1564, Calvyn se sterwensjaar, studeer daar al oor die 1500 studente. Die Here gebruik onder andere hierdie fakulteit om die hervorming in Europa te versterk en te versprei. Hier bekwaam jongmanne hulle as predikante en word hulle die wêreld in gestuur om die Waarheid te verkondig. Die hartseer is dat die res van Europa nie so veilig is nie. Menige jong predikante word veroordeel en doodgemaak deur die Roomse regerings wat heers. Tog moet die hervormers moed hou. God versterk en vertroos hulle, want Hy is hul waarborg.

Met Calvyn se gesondheid gaan dit steeds al hoe slegter. Uiteindelik takel longtering sy gesondheid finaal af. Hy ontslaap op 27 Mei 1564 as troue dienskneg van sy hemelse Koning.

Nog iets

Be Thankful

Be thankful that you don't already have everything you desire,
If you did, what would there be to look forward to?

Be thankful when you don't know something
For it gives you the opportunity to learn.

Be thankful for the difficult times.
During those times you grow.

Be thankful for your limitations
Because they give you opportunities for improvement.

Be thankful for each new challenge
Because it will build your strength and character.

Be thankful for your mistakes
They will teach you valuable lessons.

Be thankful when you're tired and weary
Because it means you've made a difference.

It is easy to be thankful for the good things.
A life of rich fulfillment comes to those who are
also thankful for the setbacks.

GRATITUDE can turn a negative into a positive.
Find a way to be thankful for your troubles
and they can become your blessings.

~ Author Unknown ~



SIEN DIE SPESIALE BYLAE VIR INLIGTING OOR EN VOORSTUDIEMATERIAAL VIR KONGRES 2005

Desember 2005

Johannesburg

Marietjie Bijker	22-Dec

Kaapstad

Jaco Haak	8-Dec
Elisabeth Riamond	10-Dec
Anja Luijk	12-Dec
Olga van der Hout	13-Dec
Giny van der Vinne	31-Dec
Robert van de Berg	31-Dec

Maranata

Maryke Aartsma	9-Dec
Renier Kampman	13-Dec
Thys van der Hout	13-Dec
Marinus van der Hout	19-Dec

Pretoria

Carina Bijker	5-Dec
Tanya de Vente	7-Dec
Lientjie Stolper	17-Dec
Richard de Vente	23-Dec
Timo Schuring	28-Dec

Januarie 2006

Bethal

Marius Porter	13-Jan
Jaques Bisset	21-Jan

Kaapstad

Emile van Zyl	3-Jan
Albert Drijfhout	4-Jan

Maranata

Ronnie van der Veen	7-Jan
Erik de Vries	14-Jan
Kosie de Jager	18-Jan

Pretoria

Iwan Agema	3-Jan
Jaco de Jong	4-Jan
Hans de Wit	9-Jan
Rudy de Vente	12-Jan
Marjan Middeljans	15-Jan
Petro van der Walt	17-Jan
Willemien Ros	17-Jan
Arjan van Houwelingen	18-Jan
Janita Agema	25-Jan
Klazine van der Sluis	27-Jan
Renatha de Jager	28-Jan